13.12 BESKRYWINGSPUNT SUIDELIKE STREEKSINODE OOR DIE FINANSIËLE BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO (Art 70)

A. Ds H Reinecke stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

Die Suidelike Streeksinode rig 'n versoek tot die Algemene Sinode om ondersoek te doen oor die finansiële bestuur van die Administratiewe Buro en die wyse waarop daar uitvoering gegee kan word aan die volgende in die Reglement van die Administratiewe Buro:

> *"10 Kommunikasie aan die Kerkverband*
> *Behalwe vir die driejaarlikse verslag aan die Ledevergadering word daar op die volgende wyse finansiële state en relevante inligting aan die kerkverband gekommunikeer:*
> *10.1 Elke Part Sinode, Streeksinode, Klassis en/of Kerkraad wys 'n kundige persoon aan, wat een keer per jaar saam met die Bestuur op eie koste vergader. Hierdie verteenwoordigers sal behulpsaam wees met kommunikasie tussen Kerke en die Administratiewe Buro oor finansiële sake.*
> *10.2 Hierdie verteenwoordigers sal jaarliks tydens die vergadering van die GKSA se Sustentasiedeputate, (met behulp van finansiële state) ingelig word oor die finansiële sake wat die Administratiewe Buro in die totale kerkverband hanteer."*

Motivering

Die Suidelike Streeksinode het met kommer kennis geneem van geblokkeerde kommunikasiekanale wat blykbaar bestaan wat die beskikbaarstelling van volledige finansiële state van die Administratiewe Buro vertraag.

Dit is noodsaaklik dat die Administratiewe Buro vroegtydig en duidelik verlangde finansiële gegewens aan enige kerkvergadering moet kan deurgee, soos aangevra.

Tydens die Verslagdoeningsvergadering in November 2007 was die finansiële state van die Administratiewe Buro vir die laaste keer in 'n verslagdoeningsvergadering beskikbaar.

Besluit: Dat aan die beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.